### *Verdere geestelike simboliek*

**149** "Maar let nou weer op! Die son verskyn nou net met haar skyf, of liewer met haar mees westelike sone, bo die horison; wat merk julle nou op?"

[2] **Die Esseners** sê: "Eintlik niks anders as die stralende vlak wat redelik vinnig vanuit die ligte ondergrond omhoog kom; die spel van die ligvisse het nou plotseling opgehou, en die wolkies word dunner en verdwyn ook die een na die ander. En nou staan die hele skyf of bol ook al bo die horison, en daar kom nou ook `n taamlik koel windjie uit die ooste na ons toe. Maar dit is dan ook alles wat ons opmerk."

[3] **Ek** sê: "Kyk ook nou na benede na die vlaktes en dale van die aarde en sê gou wat julle daar sien!"

[4] **Beide Esseners** kyk na die dieptes van die aarde en sê dan: "Ons sien die dale vol liggrys mis, ook die oppervlakte van die see is bedek met `n gryswit mis, maar die newel uit die dale trek omhoog en bedek hier en daar al die lae heuwels. - Het dit alles miskien ook die een of ander geestelike betekenis?"

[5] **Ek** sê: "Baie verseker, ja! Verniet en sonder geestelike impuls gebeur daar niks op aarde nie! Maar ons sal nou sien watter betekenis dit het!

[6] Die son stem ooreen met die hele wese van Elohim; die aarde met haar dale, vlaktes, heuwels, berge, riviere, strome, mere en seevlaktes egter met die uiterlike mens.

[7] Die mis, wat haar tussen die son en die aarde stel, beeld die veelsoortige onnodige en nietige sorge van die mense uit, waar die lig van die son slegs hier en daar spaarsaam daardeur kan breek, en die mis styg op en bedek selfs die berge. Die heuwels en die berge is die beeld van die beter insig van die mense op hierdie aarde. Die beter insig word eweneens vertroebel deur die bekrompe en nietige sorge van die halfblinde mense.

[8] Maar daarom kom daar nou oggendbriesies en dit dryf die mis van die berge en die velde af, sodat hulle verdwyn en die berge en die velde vry deur die son verlig en verwarm kan word, sodat hulle lewensvrugte ryp kan word. - Ek dink dat julle hierdie ooreenstemming baie goed kan verstaan!?"

[9] **Beide Esseners** sê: "Ja Meester, dit is so duidelik soos die son daar! O, hoe heerlik is hierdie groot heilige leer! O, hoe baie dinge weet die mens nog nie, wat hulle tog net so goed moet weet soos die feit dat hulle lewe! Meester, ons neem dit op ons om dié leer oor die egte sabbatsrus in U, aan die mense voor te stel. Hierdie leer oortref alles wat voorheen deur U gespreek en die deur U geleer is, want ons sien in al die voorafgaande lesse slegs `n voorbereiding tot die makliker volg van hierdie heilige leer! Waarlik, daarvoor moes al die hemele geopen word om aan die mens hierdie mees heilige leer der lere terug te gee! - Maar nou kom daar `n heel ander vraag, en nou aan ons!

[10] Hoe moet ons U, o Meester, nou op waardige wyse dank vir hierdie suiwer hemelse leer? Ons voel in die diepste diepte van ons harte dat ons haar eintlik gladnie werd is nie. Slegs U Barmhartigheid en U Liefde kon dit vir ons gegee het! O Meester, sê tog vir ons hoe ons U daarvoor moet loof en prys!"

[11] **Ek** sê, terwyl Ek My hande op die skouers van die Esseners lê: "Liewe vriende, pas My leer toe en julle sal My daardeur net so `n vreugde verskaf soos wat Ek nou vir julle verskaf het! En julle loon sal nie gering wees as julle ook die ander mense daartoe sal oorhaal nie."

### *Opdrag aan die Esseners*

**150** Rig daarna `n skool op en leer die leerlinge om die fees van die sabbat te hou, en vier dit self elke dag gedurende alle ure, en jy sal weldra die groot seën in jouself begin waarneem!

[2] Maar as jy `n skool oprig en daarvoor `n groot huis bou, moet die mure geen afsluitings en geen slotte hê nie! Word egte bouers van julle skoolhuise, en profeteskole sal julle volgende werk wees. Maar julle hoofsorg moet daarop gerig wees dat julle al My lesse, wat al gegee is en nog gegee sal word, getrou sal bewaar en nie, soos die fariseërs en oudstes, vermeng met julle eie voorskrifte nie! Julle huidige voorskrifte moet tot op die grond uitgeroei word, en My Woord moet volledig in hulle plek kom, en wel vrywillig, omdat My gees andersins nie sou kon werk volgens die profesie wat aan die mense gegee word deur die mond van die profete nie!"

[3] Die Esseners bedank My nou vir hierdie les en belowe My ernstig dat hulle alles woordeliks sal opvolg; Ek moes hulle net nog steeds die regte beskerming en voldoende krag gee om nie al die goddelike slegs vir hulleself te gebruik nie. Hulle wil ook vir baie ander mense wat daarna uitsien, te alle tye vrugbare, heilsame werk doen!

[4] **Ek** sê: "Dit lê nie by My nie, maar let spesiaal daarop dat daar onder julle geen rusie ontstaan oor die belangrikheid van persone nie! Die mees ervare van julle kan op sy beste die leier en aanvoerder by julle opdrag wees, maar hy moet hom nooit daarom inbeeld om méér te wees as die minste onder julle nie! Maar daarmee word nie gesê dat die swakkere

hom daaroor nie die nodige agting moet betoon nie. `n Mens moet van hom hou, en hom ag en sy raad moet deur almal opgevolg word asof dit `n wet is. Wee diegene wat hulle aan hom sou vergryp! Waarlik, hulle sal deur My met toornige oë aangesien word!

[5] As julle egter `n hoof en leier vir julle werk uitkies, bid en ondersoek dan, sodat die amp nie aan `n onwaardige gegee word nie; want `n slegte, onverstandige leier is vir `n groep mense dieselfde wat `n slegte herder vir sy kudde is. As hy die wolf sien kom, slaan hy die eerste op die vlug, en laat die skape as prooi vir die wolwe agter, of hy word uiteindelik self `n wolf en dood sy lammers geestelik, soos wat dit nou die geval is by die fariseërs en hul hoëpriesters. Hulle loop in skaapsklere rond, maar inwendig is hulle verskeurende wolwe! Nouliks `n muggie gee hulle te eet, maar van diegene wat hulle `n muggie voor gee, eis hulle `n hele kameel terug!

[6] Word daarom nie net soos hulle nie! Hulle woon in klipvertrekke, wat steeds só goed afgesluit en versper word dat niemand by hulle kan en ook nie mag kom nie, sodat niemand hulle bedrieëry kan agterkom nie. As `n moedige dit sou waag om in so `n tempelvertrek binne te dring, sou hy tot skender van die heiligdom verklaar word en dadelik daarna gestenig word!

[7] Daarom sê Ek aan julle dat julle julle skoolhuise vry en oop moet bou, sodat elkeen uit- en in kan gaan soos wat hy wil! In julle skool mag niks geheim wees nie! Wy diegene wat wil in, vir sover hulle dit kan verstaan, want ek verkoop julle met My leer geen kat in die sak nie - Ek sê julle alles openlik en duidelik en doen niks geheimsinnig nie, behalwe as dit verstandiger is vir die welsyn van die mense. Wees daarom ook openlik teenoor elkeen by wie jy `n goeie wil opmerk! Maar wees by alles ook verstandig, want die openheid hoef nie sover te gaan dat `n mens die edele en kosbare pêrels vir die swyne moet gooi nie!

[8] Self sou Ek vir julle almal nog baie kan sê, maar julle sal dit nou nog nie kan verstaan en verdra nie. Maar as die gees van die volle waarheid in julle sal ontwaak, dan sal sy julle self in alle Wysheid lei; en hierdie gees is die goddelike ewebeeld in julle harte, en julle self sal haar in julle wek deur die korrekte viering van die sabbat - Sê eers of julle dit nou almal goed verstaan het?!"

[9] **Die Esseners** sê baie stilletjies: "Ja, Meester! Wie sal U gewyde woorde nie kan verstaan nie? Dit is geen woorde soos die van `n mens nie! U woorde is alles eg, is heeltemal Lig, Warmte en Lewe! As U, o Meester, praat, voel ons in ons `n wesenlike ontwikkeling, sodat dit vir ons voel dat daar met elke Woord uit U mond die een of ander onmeetlike groot nuwe skepping ontstaan - en ons voel in ons `n oneindige nuwe wording!

[10] Maar tog verstaan ons die betekenis van U gewyde woorde, hoewel ons in der ewigheid nie die uiteindelike uitwerking daarvan sal meemaak nie; want ons voel dit en het `n lewende gewaarwording dat hierdie gesproke woorde van U nie net vir ons nie, maar die hele ewige oneindigheid tref! - Juig daarom, aarde, jy, wat uit die tallose wêrelde uitverkies is, omdat die Meester van die ewigheid met Sy Voete jou bodem betree het en Sy heilige Stem in jou lug laat klink! - O Meester, hoeveel wesens ontstaan uit elkeen van U Woorde en uit elke sug van U Mond!? O, laat U deur ons prys, liefhê, loof en aanbid, want slegs aan U kom dit toe!"